



# GELEENTHEID

**Gesprek-gids vir Groepe**

**15 Mei 2022**

Begin julle byeenkoms met gebed

## **LUISTER NA MEKAAR**

Deel met mekaar wat julle in die erediens gehoor en beleef het.

## **WANDEL IN DIE WOORD**

Iemand in die groep lees Lukas 10:1-9 voor.

Deel met mekaar watter woord of frase of gedagte uit hierdie gedeelte jou bygeval het.

## **PAAR VRAE OM SAAM OOR NA TE DINK**

- Hoekom dink jy was dit nodig vir Jesus om mense uit te stuur na die plekke waarheen hy van plan was om te gaan?
- Hoekom sou Jesus vir die 72 sê dat hulle nie geld, 'n reissak of skoene moet saam dra nie? *(Die gedagte agter hierdie vraag gaan oor die belang van Jesus se boodskap. Die mense wat Jesus uitstuur moes ook afhanklik bly van die Vader)*

Jesus se opdrag aan die 72 in Luk. 10:2 sê: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes...”

- Hoe sou jy hierdie oes in jou eie woorde verduidelik?
- Wie dink jy is die arbeiders van wie Jesus praat?

## **DINK SAAM OOR DIE TOEKOMS**

Hierdie opdrag van Jesus geld steeds vandag vir elkeen van ons. Daar is steeds baie mense wat nie bereik word nie. Dalk is dit mense in jou onmiddellike omgewing. Dalk is dit mense in jou dorp. Dalk is dit mense in ons land. Dalk is dit mense iewers vër oor die grense van ons land.

- Hoe kan ons mekaar help en aanspoor om ons roeping as arbeiders uit te leef en die groot oes wat daar buite is te versamel?

## **GEBED**

Sluit julle byeenkoms af deur saam met mekaar te bid en fokus veral op 'n paar gedagtes:

- Vra vir die Here om jou oë oop te maak vir Sy oes wat groot is en nog nie bereik word nie;
- Bid dat die Heilige Gees jou sal toerus sodat jy jou werk as arbeider in die Here se koninkryk kan uitleef.
- Bid dat die Here ons as gemeente sal gebruik dat daar altyd en oral waar ons beweeg NOG 1 bereik sal word.